

**Skriflesing:** Habakuk 1:1- 2:4

Teks: **Habakuk 1:12-13; 2:1**

**Sing- Ps.91:1,2; Ps.77:1,7; Ps.89:6,15; Ps.130:3,4**

Dit het byna gemeenplaas geword, broeder en suster, om mense hulle bekommernisse en werklike moeite te hoor uitspreek oor wat in ons tyd aan die gang is. Op kerklike terrein raak die verdelingslyn vir my al dieper en dieper. Dit ruk elke keer en mens se binneste as ek myself die vraag moet afvra wat is aan die gang? Daar kom soveel seer in en mens dat jy al dieper in jou eie siel begin rond grou.

Dit wat ons vanoggend hier in Habakuk gelees het, moet ons besef Habakuk is op die punt gebring waar dinge nie net deurmekaar geloop het nie, maar hier is en bymekaar loop van gesigte wat ons na die voorpunt van ons eie lewe moet laat kyk. Daar was by Habakuk die gebruik om in sy worstelinge waarmee sy lewe opgeloop het daar hoog op die stadsmuur homself eenkant te hou. Ons kan praat van sy eie uitkyk plekkie, waar hy homself dikwels op hierdie stadsmuur teruggetrek het om met die Here te praat. Daar alleen, eenkant worstelend met God oor wat sy bekommernisse, sy vrae, sy moeilikhede is te praat. Moeilikhede was daar baie! Die Tienstammeryk van Israel is reeds weggevoer, Jojakim is koning oor die ryk van Juda, maar dit is maar die begin van die einde. Van Josia, Jojakim se pa se hervorming het daar byna niks oorgebly nie. Dit het Habakuk gaandeweg moes uitvind, maar weet u om sulke moeilikhede raak te sien vir wat dit werklik is en op die einde die werklike dieptepunt daarin te erken, het nie maklik gekom nie.

\*\*\*

Kom ons hierdie gebeure in drie punte vanoggend bymekaarbring- hoe het dit met Habakuk gebeur- Eerstens hy (Habakuk) sien die Here se oordeel. In die tweede plek- Habakuk wat om genade bid. En laastens die Here se antwoord aan Habakuk.

**Habakuk wat die Here se oordeel sien:**

Die Here het hom hierdie al naderende oordeel gewys en dit nogal op en manier wat ons ook moet ruk. Habakuk sit daar hoog en eenkant op die muur en toe kom die Here en Habakuk word letterlik van twee kante op hoogte bring. Soos hy daar op die muur sit het hy mos en uitsig na twee kante gehad. Hy kan vêr na buite kyk, buitekant die stad kan hy letterlik die vlaktes inkyk, maar dit wat die Here hom laat sien is nie maar leë vlaktes nie, intendeel! Buite die stad, ja seker nie meer vêr van die stadsmure af nie, is daar en heidense volk, die Chaldeërs besig om in hulle menigtes teen die stad saam te trek. Habakuk kan letterlik daar van bo op die Chaldeërs afkyk

en die gesig wat die Here hom laat sien het  $\emptyset$  wye skoot. Dit wat nou gaan gebeur, maar dadelik is dit ook terugwerkend. Die Here wys vir Habakuk hierdie gewelddadig heidense volk het alreeds baie skade aangerig. Hulle het in alle geval die eerste deel van Israel klaar weggevoer maar moenie dink hulle is klaar nie. Die finale wegvat is in hulle hande. So wreed soos hulle vroeër was, nog wreder is hulle nou. Nog meer brutaal, nog meer barbaars is hulle wat jy hier aan die buitekant sien.

\*\*\*

Want moes Habakuk die grootste skok van sy lewe nog kry, want dit wat hy buitekant die stad sien moet hom bo, van daardie muur sy kop net 180 grade laat draai.... kyk net binne jou stad in. Hy staan hoog, ja jy kan jou eie mense sien Habakuk. Terwyl jy buitekant kyk, jy sien die Chaldeërs, kyk na jou eie mense, die Judeërs. Wat sien Habakuk?! En nou moet Habakuk eerlik wees, want dit gaan nie maar oor sy eie aanskoue, sy eie interpretasie, sy eie idee van wat aan die gang is nie. Hy moet hulle sien soos hulle is, nie maar net daarna kyk soos dit jou pas en jy die dinge verstaan nie. Baie keer kan  $\emptyset$  mens mos na iets kyk deur dit net so effens te bekyk. Jy maak vinnig jou oë toe en is van mening dit is darem nie so erg nie. Jy wil dit nie sien soos dit werklik is nie, maar wil net eintlik jou eie idee daaraan koppel.

As Habakuk sy stad inkyk, hy bekyk sy eie mense, dan is dit asof die heidendom aan die buitekant net sowel reeds die stad ingekom het, al staan hulle nog glad nie aan die binnekant nie. Sy eie mense is besig met soveel gruwelike dinge, hy sien dit daar bo van die muur af, dit wat die Here hom laat sien. Hy sien dit eintlik deur die Here se bril. Jou eie mense, ja die binnekant van hierdie stad is tog kerk. God se volk, dis Israel in getalle daar versamel, maar hulle stry en hulle baklei. Die een wil sterker en slimmer wees as die ander een. By die eerste aanskoue na binne dan roep hy dit uit- *Waarom laat U my onreg sien en aanskou U die moeite! Ja verwoesting en geweld is voor my oë; en daar is stryd en twis begin. Daarom verloor die wet sy krag en die reg kom nooit meer te voorskyn nie...* Dis nou oor sy eie mense wat hy praat....

\*\*\*

Dit wat buitekant die stad gebeur, daardie goddelose Chaldeërs, die wreedheid en die skandes wat hulle aanrig, laat jy nie langer jousef bluf nie, Habakuk. Dit wat nou al lankal begin het, moet vir jou duidelik wees die gemors en skande en wreedheid wat hier binne aan die gang is, Niks minder, niks kleiner as dit wat buite gebeur nie! Jy kan dit self vergelyk, maak dit vir jousef uit, dit wat jy weet die Here ook na moet

kyk! As jy na die Chaldeërs kyk en kyk dan na jou mense dan moet jy nie kla oor die Chaldeërs nie. Daar is nie reg onder jou volk nie, die advokate, ja die wat moet geregtigheid doen, hulle spreek nie reg nie. Inteendeel die een wat die meeste geld kan betaal kan sy reg afkoop, eintlik afpers. Daar is bedrog, soveel korrupsie, soveel onreg en oneerlikheid! Soos die Here sê- so is dit ó *Daarom verloor die wet sy krag; en die reg kom nooit meer te voorskyn nie.*

Hier reg onder jou oë is die dinge nie reg nie. Kyk die oneerlikheid...waar werk die wet nog...waar respekteer julle die reg?! Moenie vêr wil kyk nie...kyk naby jou. Dit is wel goddelose Chaldeërs wat jou omring, maar weet jy Habakuk, die Here stuur hulle na jou volk. Die volk wat beter moes geweet het, hulle wat veronderstel was om regverdig te wees, die goddelose omsingel hulle, want hulle die veronderstelde regverdige het net so goddeloos geword. Alleen die regverdige sal lewe, alleen deur die geloof kan daar lewe wees, daarom is dit uiters belangrik Habakuk dat die regverdige deur die geloof sal lewe. Sonder geloof is daar nie regverdiging nie, sonder regverdiging is daar nie lewe nie.

Die Here straf alle goddeloosheid. Moenie agter jou mure wil skuil en dink God sien nie raak wat aan die gang is nie. Vandag moet ons dit net so goed besef. So maklik kan ons kla...oor die regering van die dag, oor die geweldige verval in Gereformeerde kerke waarvan kerklike vergaderings die vrugte van hierdie agteruitgang dra. Dit is nie die vergaderings wat die agteruitgang begin nie, dit begin by kerke. Besluite wat soos die wind verby gly, maar in werklikheid raak mense al gladder, ja so glad soos wind om te dink hulle kan met hulle eie oordeel en krag elke keer al vêrder met hierdie goddelose werkwyse loskom. Vers 11 laat hulle agter die muur dit goed hoor- *Dan gly hy verby, 'n wind, en trek vêrder- maar word skuldig, hy wie se krag sy god is.* Julle mag dink om soos die wind sommer allerhande goddeloosheid te laat verby gly, maar as jou krag jou god geword het, allerhande menslike krag, allerhande menslike maniertjies, dan moet jy mos nie verbaas wees as hierdie wind in jou eie gesig ontplof nie!

Dit bring Habakuk tot op sy knieë- Ons tweede gedagte is mos ook-

**Habakuk wat bid om genade:**

Habakuk beleef dit- Hulle is nou soos vissies, ja as die sardyntjies naby die strande kom dan skep die mense hulle mos op met al wat bak en houer en skottel is. Sy eie

volk sal soos sardyntjies opgeraap word...v.14: *So maak U dan mense soos visse van die see...hulle word opgetrek met die hoek...v. 15- ingesleep soos in 'n net.* Om opgeskep, ingesleep te word, dit het Habakuk tot God laat roep. Hy is  $\emptyset$  bidder, iemand wat met  $\emptyset$  biddende hart aanvanklik net een woord gebed kry- *GEWELD!*  
Vers 2 *Hoe lank o Here, roep ek hom hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld- maar U help nie!* Die woord vir *roep* het hier  $\emptyset$  besondere betekenis. Dit is  $\emptyset$  geskreeu om hulp soos wanneer jy by  $\emptyset$  grenssituasie in jou lewe gekom het, jou emosie oorweldig jou totaal en al, onbeheerbaar skreeu jy net om gehelp te word. Waar die uitsigloosheid vir  $\emptyset$  mens te veel geword het, dan bid jy, dan skreeu jy soos Habakuk dit hier doen.

En verse 12-13 wys hoe v $\hat{e}$ r, hoe diep, eintlik hoe hoog slaan hierdie gebed. *Is U dan nie uit die voortyd nie, O HERE, my God, my Heilige? Ons sal nie sterwe nie. HERE, tot 'n strafoordeel het U hom bestel en o Rots, tot 'n tugroede het U hom bestem. U wat te rein is van o $\emptyset$  om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie- waarom aanskou u die trouelose, swyg U wanneer die goddelose die verslind wat regverdiger is as hy...* Ons kan hierdie teksverse van alle kante bekyk, maar in alle geval is dit duidelik Habakuk moet God leer ken soos Paulus in die Nuwe Testament ook vir God moes ken. Efesi $\acute{e}$ rs 1:4-6 weergalm in Habakuk eintlik alreeds- God het ons in Hom uitverkies- *soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die w $\hat{e}$ reld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees...deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begunadig het in die Geliefde...*

Habakuk se vraag- *is U nie uit die voortyd nie...* Paulus gee die bevestiging- ja voor die grondlegging van die w $\hat{e}$ reld, is die uitverkiesing vas en seker. God se verkiesing sluit nie uit dat sy kinders, heilig moet lewe, sonder gebrek voor Hom in liefde, dit moet ons deel wees. Die strafoordeel, die tugroede slaan hard op hulle wat veronderstel was om beter te weet, waar die Here dan heidene bestem om sy kerk aan te val as die Here se kerk nie meer sy kerk is nie.

Die gebed van Habakuk word geantwoord, ja maar anders as wat hy verwag het. As jou eie saak nie met God reg is nie, sal God jou miskyk? N $\acute{e}$ e, broeder en suster- dit

is nie  $\text{\AA}$  geval van die Here het nou sy vroeëre vyande liefgekry en dat hy hulle oortredinge gaan verbygaan nie. As Habakuk na die buitekant kyk, dan sal God die Chaldeërs ook straf, want hulle óór skrei ook hulle boekie. Hulle krag is ook hulle god...hulle wat in hulle geweld hulle eie verwaandheid aanbid. Waar hulle net tot straf moes dien,  $\text{\AA}$  tugroede, wil hulle nou in hulle mag Israel vernietig. As die verskil tussen straf en vernietiging nie gerespekteer word nie, maak nie saak deur wie nie, dan sal God jou vernietig.

\*\*\*

Daarom wanneer ons na onself terugkeer, dan praat die Here duidelik en op die man af. Om ander mense te verwens, om met haat in jouself rond te loop, dan is ons aan die kant wat Habakuk geskok het. Agter sy eie mure skuil net soveel vyande van God as daarbuite. Habakuk se gebed wil God se naby liefde, maar ook God se regverdigheid gelyk aanroep. Wanneer hy uitroep- *Ons sal nie sterwe nie*- dan is God se liefde daar. Hoe anders sou hy so sy hart kon uitstort- *o HERE, my God, my Heilige...* Die strafoordeel, die tugroede, dit wat God se regverdigheid is, sal egter nie uitbly nie. Kan die Here wat rein van oë is die kwaad en die onreg maar bly aanskou...Dit word  $\text{\AA}$  al groter vraag! Habakuk dink steeds dat die goddeloses is darem nog erger as hulle agter die mure. Daar aan die binnekant van die stad. Hier maak hy egter die fout, hier waar die Here hulle soos sardyntjies gaan opsuig is daar steeds  $\text{\AA}$  saak uit te maak, want gaan dit in die laaste plek-

#### **Om die Here se antwoord aan Habakuk:**

Habakuk is op daardie wagtoring ingestel om God se antwoord te hoor. *Op my wagtoring wil ek gaan staan en op 'n skansmuur my stel en ek wil speur om te sien wat Hy in my sal spreek en wat ek op my klagte moet antwoord...* EN dan antwoord die Here. Habakuk kry opdrag om dit wat nou volg byna soos die koerante in ons tyd te hanteer. Daardie kopstukke wat elke oggend die pale vol hang met die nuus van die dag, wat nie misgekyk, nie misgelees kan word nie. Op elke hoek en draai moes  $\text{\AA}$  Israeliet hom in hierdie geskrif vasloop- langs die strate, elke openbare pad en bad moes dit uitbasuin word. Ook as die Chaldeërs hulle begin jaag, dan sal hulle, hul letterlik in hierdie geskrif vashardloop. In die verbygaan sal niemand kan sê, ek het nie kon lees nie Ek was nie in hierdie oordeel geken nie! Moet nie julle dan wil dom hou nie!

Die Here antwoord Habakuk met goddelike beslistheid. Moet nie Here...Here roepers wees, maar julle lewe wys dit nie! Om te wil voorgee Juda is regverdiger maar intussen aanbid hulle eintlik net hulleself. Die oordeel sal nie gekeer word nie. Dit is beslis oppad. Jy kan dit maar opskrywe!

Hierdie volk van jou, Habakuk, hulle stel nie in bekering belang nie! Hulle siele is opgeblase ó v.5 *Kyk sy siel is opgeblase in hom en nie reg nie.* Dan kom die groot opskrif, dit wat aan elke boom, elke draai, ja selfs elke klip in Jerusalem sal dit moes uitroep- *Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe...* Dit help nie jy kom met veronderstellings en met allerhande voornemens en allerhande aanhangsels en titels voor die Here nie. Dit help alles niks as jou verhouding met God nie reg is nie. Julle wat so ryk aan God se genade is, so besondere voorreg om kind van God te wees, julle wat julle hierdie genade moet toeëien, maar kyk hoe lyk dit Habakuk? Die mure roep dit uit, al lyk dit of dit agter die mure gebeur.

\*\*\*

Is dit in ons tyd, anders broeder en suster?! Nee, dieselfde God sal oordeel. Soveel te meer, want vir ons is daar nie net  $\alpha$  geskryf wat in die verbygaan gehang was om gelees te word nie, daar was  $\alpha$  Mens wat gehang het. Bokant sy kop was ook geskryf, dat Hy Koning is, al het die wêreld dit wou verdraai, maar dit wat geskryf is, is geskryf. Selfs die heidene, die Romeine moes dit weet. Hulle eie reg oordeel oor hulle. Die Koning van die Jode het daar geskryf gestaan.

Voor Hom staan ons vandag, sy Woord is daar om te lees. En die boodskap het Habakuk gehoor, Paulus het dit nog duideliker gehoor. Habakuk het geskryf- *Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.* Paulus skryf in Romeine 1:16-17- *Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek, want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe...* Hoe volledig staan Paulus in aansluiting by Habakuk? Meer volledig kan dit nie! By hierdie woorde kan niemand soos die wind probeer verbyseil nie. Hierin word alle windrigtings opgevang, die Heilige Gees wat soos  $\alpha$  wind oor die aarde kom waai het. So is Hy die Gees volkome oor ons uitgestort en sy Woord is vas en seker- Die regverdige sal uit die geloof lewe.

Moet nie maak of jy die groot gelowige is, maar jou lewe getuig van die ene onreg nie. So een het geen reg op lewe nie, nog minder op die ewige lewe. Die Here het Israel gestraf, nie gestraf tot vernietiging nie, maar tot regverdigmaking, tot heilig wording, tot aanbidding. Daarin lê die Here se vryspraak. Mag dit u lewe oorheers, waar die Here deur *en* publikasie Hom aan sy openbaring gebind het, is hierdie publikasie nie aan tyd gebind nie.

Al spot die wêreld hoe hard met God se oordeel, so baie kerke wat in hulle harte ook vir God se oordeel begin lag, maar mag hierdie opskrif, hierdie Woord van God daar waar jy die hier en nou van baie verdeeldheid, baie bekommernisse, baie seer moet rondra- laat ons begin by die begin waar my bediening in Pretoria ook altyd weer na moet terugkeer ó hieraan sal niks verander nie. As ek nie my in Christus kan regverdig nie, die geloof wat in Christus my geskenk is, is nie daarop ingestel om uit geloof en deur geloof hierdie geregtigheid van God voorop te stel nie, sal nie lewe nie. Alleen só *en* geloof maak dat ek God se reg sal soek, sy stem sal hoor, sy oordeel nie sal afmaak nie. Na alles is daar vandag eintlik steeds net die een sin wat in jou lewens koerant moet staan- *Maar die regverdige sal uit die geloof lewe...*Mag ander dit ook lees?

AMEN